



AARBEI EN AVOKADOSLAAI

(6-8 porsies)

My vriendin, Mariette Hanekom, het hierdie slaai vir ons kuiergroepie gemaak. Wat 'n kleurvolle en heerlike kombinasie.

Bestanddele:

halwe pak babaspinasieblare / bronkorsblare
12 - 15 aarbeie, in dik skywe gesny
1 avokadopeer
50 ml Vinaigrette
handvol basiliekruidblare, geskeur
kwart komkommer, in halwe ringe gesny (opsioneel)
1 wiel fetakaas, in blokkies gesny
handvol pekaneute / Nut & Seed Sprinkle
Balsamic & Olive Oil Dressing / Balsamic Reduction / Glaze

Metode:

1. Sny en skil avokadopeer in groterige blokke. Was in Vinaigrette om te verhoed dat dit bruin raak.
2. Meng al die slaai bestanddele in 'n bak en gooi slaaisous net voor opdiening oor.
3. Sprinkel neute bo-oor.

Tell me what you eat and I will tell you what you are. - Anthelme Brillat-Savarin

118
s l a a i



